## Meer as net ‘bobbejaanliefhebbers’ en ‘-haters’: Waarom Kaapstad se stille meerderheid saakmaak

**Kinga Psiuk***

Stel jou ’n inwoner van Simonstad voor wat ’n bobbejaan in haar kombuis dophou. Haar hart klop vinnig terwyl sy vrees, woede en frustrasie ervaar. Maar ook iets anders: besorgdheid en empatie.

“ ’n Deel van my wil hulle weg hê,” erken sy. “Maar ek voel ook jammer vir hulle. Ons is in húlle ruimte.”

Sy is nie verward of besluiteloos nie. Sy handhaaf ’n genuanseerde siening oor ’n komplekse kwessie, iets wat selde aanvaarbaar lyk in Kaapstad se gepolariseerde bobbejaandebat – en sy is nie alleen nie. Sy verteenwoordig die meerderheid inwoners in die Kaapse Skiereiland: die stille meerderheid wat oordonder word deur die geraas van “liefhebber-teenoor-hater”-skreeuwedstryde.

### Vasgevang tussen uiterstes

Kaapstad se bobbejaanbestuur word dikwels verlam, nie omdat bestuursinstrumente nie bestaan nie, maar omdat elke voorstel ’n woordestryd ontlok. Welmenende voorstanders praat verby mekaar, elkeen probeer “die ander kant” oortuig dat hulle reg is.

Wat gebeur met die bobbejane wat in hierdie kruisvuur vasgevang is? Wanneer bestuur stagneer en strategieë nie geïmplementeer word nie, trek bobbejane nader aan stedelike ruimtes, wat hulle aan groter risiko vir verkeersongelukke en vigilante-aksies blootstel. Konflik eskaleer terwyl besluitnemers vries en wantroue toeneem. Soms eindig hierdie tragiese siklus in genadedood.

Intussen bly inwoners wat nie met polariserende retoriek saamstem nie, stil, en voel ongehoor, gefrustreerd, magteloos, soms selfs uit hulle eie gemeenskappe verstoot.

Dit is nie net ’n narratiewe mislukking nie. Dit weerspieël hoe moeilik dit is om met kompleksiteit om te gaan in die lig van ’n inherent komplekse bewaringsuitdaging.

Kaapstad is nie alleen in hierdie stryd nie. Regoor die wêreld leer stede dat naasbestaan met natuurlewe nie net ’n ekologiese of tegniese uitdaging is nie – dit is ook ’n sosiale een. Stedelike natuurlewe wêreldwyd, soos swartbere in Kanada, takbokke in Swede, of wildevarke in Hongkong, toets regeringstelsels wat selde ontwerp is vir dinamiese, wanordelike naasbestaan. Wat kan ons dus doen? Hoe moet ons op die uitdaging reageer?

### Vermiste middelgrond

In 2023 het ons navorsingspan ’n opname gedoen onder meer as 500 inwoners oor 11 bobbejaan-besoekte gebiede in die Kaapse Skiereiland. Wat ons gevind het, daag die medianarratief uit.

Ja, sommige inwoners prioritiseer veiligheid en verkies skeiding sodat bobbejane in natuurlike ruimtes kan floreer terwyl mense stedelike areas geniet. Ja, ander verkies naasbestaan en is teen bestuursbenaderings gekant wat hulle as skadelik vir bobbejane beskou. Maar baie min mense wil hê bobbejane moet doodgemaak word, en baie min wil hê bobbejane moet uit hulle borde eet.

Die fassinerende bevinding? Die meeste respondente pas nie in by die gepolariseerde uiterstes nie. Byna die helfte val êrens tussenin, met sienings wat nie maklik gekategoriseer kan word nie. As hulle die grootste groep is, waarom swyg hulle? Uit wat ons in ons interaksies met inwoners gesien en gehoor het (hoewel dit nie sistematies in ons opname bestudeer is nie), is dat die huidige diskoers nie hulle kompleksiteit wil akkommodeer nie.

Byna elke openbare forum, hetsy WhatsApp-groepe of stadsaalvergaderings, dwing mense in kampe. Druk besorgdheid uit oor veiligheid en jy word as ’n “hater” bestempel. Toon empatie vir bobbejane en jy is ’n naïewe “liefhebber” (*hugger*). Die middelgrond word verswyg deur die struktuur van openbare debat.

Maar hulle stilte beteken nie noodwendig verwarring of onaktiwiteit nie. In vergelyking met ander inwoners wat deel was van ons opname, het hierdie groep meer dikwels positiewe én negatiewe emosies gekies wanneer hulle ontmoetings beskryf, wat interne spanning tussen veelvuldige perspektiewe openbaar.

Ja, hulle bekommer hulle oor veiligheid vir beide mense en bobbejane. Ja, hulle glo bobbejane verdien respek. Ja, hulle is gefrustreerd wanneer bobbejane hul kombuis onderstebo keer. En van kardinale belang, hulle erken dat mense en bobbejane nou hier is, en geeneen gaan êrens heen nie. Dit verteenwoordig ’n pragmatiese beginpunt wat soms verlore raak in gepolariseerde debatte.

**Omhelsing van komplementêre rolle**

Op Wêreldnatuurlewedag (3 Maart) nooi ek jou uit om verder as jou eie perspektief te kyk en na ander sienings te luister, nie om te reageer nie, maar om te verstaan.

Moenie my nie verkeerd verstaan nie: dit gaan nie daaroor om voorspraak of verantwoordbaarheid uit te skakel nie. Ons het dit nodig. Maar wat as oënskynlik onversoenbare perspektiewe soms komplementêre rolle in stedelike natuurlewebestuur kan speel?

Wat as diegene wat hoofsaaklik besorg is oor veiligheid as waaksame vroeëwaarskuwingstelsels dien, wat help om werklike risiko’s te identifiseer voordat dit eskaleer? Wat as diegene wat gedryf word deur empatie teenoor bobbejane aanhou om aannames uit te daag en aan te dring

op innoverende benaderings? En wat as diegene in die middel as ’n anker vir dialoog kan dien, wat ruimtes skep waar mense oefen om oor verskille heen te luister sonder om na uiterstes gedwing te word?

As natuurlewebestuurstelsels hierdie komplementêre rolle meer eksplisiet erken, kan dit uitkomste verbeter? Ons kan nie seker wees nie, maar dit mag help om die gesprek van opposisie na gedeelde verantwoordelikheid te verskuif.

**Stemme, emosies en verhoudings**

Natuurlewebestuurstelsels kan kompleksiteit omhels eerder as om dit te vermy. Hoe?

Eerstens, skep ruimtes waar middelgrondstemme deur middel van beraadslagende forums en burgerlike vergaderings gehoor kan word waar genuanseerdheid gewaardeer word, nie gepenaliseer nie.

Tweedens, erken dat emosies betekenisvolle inligting verskaf. Natuurlewebestuur is inherent emosioneel omdat dit diepgekoesterde waardes raak. Albei kante voer dikwels emosionele argumente want hulle verwoord verskillende emosies. Bestuur kan erken dat emosies openbaar wat werklik vir mense saakmaak – inligting wat besluitnemers kan help om strydvrae meer doeltreffend te navigeer.

Derdens, mobiliseer bestaande kapasiteite en koester nuwes. Dit beteken om bestuurstelsels te bou wat verhoudings prioritiseer, inklusiwiteit en deelname beoefen, deursigtigheid handhaaf, en verantwoordbaar bly.

Niks hiervan skakel die behoefte aan moeilike besluite uit nie. Daar sal steeds kompromieë moet wees. Maar besluite wat binne inklusiewe, deursigtige stelsels geneem word, sal meer geneig wees om as legitiem beskou te word, selfs wanneer nie almal met die uitkoms saamstem nie.

**Geleentheid**

Kaapstad se bobbejaanbestuur is uniek wêreldwyd. Ja, omstredenheid bestaan, maar so ook dikwels-misgekykte prestasies.

Die stedelike bobbejaanbestuursprogram bied bewaringsaandag aan ’n spesie wat selde formele finansiering êrens anders ontvang. Dit help om bobbejane uit gevaarlike stedelike situasies te hou, terwyl dit op besorgdheid oor welstand reageer. Dit verskaf ook werk en vaardigheidsontwikkeling aan plaaslike personeel. En deur bobbejane aan te moedig om meer tyd in natuurlike areas deur te bring, versterk dit hulle ekologiese rol en bewaringswaarde.

As ons ons diverse rolle en kapasiteite omhels en erken dat kompleksiteit nie konflik hoef te beteken nie, het Kaapstad ’n geleentheid om nuwe benaderings tot stedelike natuurlewebestuur te modelleer.

Byna die helfte van die inwoners in ons studie toon reeds dat dit moontlik is om gemengde emosies en diverse bekommernisse gelyktydig te handhaaf. Die vraag is of ons gewillig is om ruimte vir daardie kompleksiteit in ons openbare gesprekke en instellings te maak.

Kom ons dink op hierdie Wêreldnatuurlewedag anders en omhels die kollektiewe verantwoordelikheid vir beter uitkomste vir mense én natuurlewe.

***Kinga Psiuk is ’n PhD-kandidaat by die Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange aan die Universiteit Stellenbosch en junior navorser vir die Unruly Natures-navorsingsprojek. Sy bestudeer sedert 2021 verhoudings tussen mense en bobbejane in Kaapstad.**